487

INVESTIGATION INTO ALLEGED MISCONDUCT

STELLENBOSCH UNIVERSITY

CASE NO: REC01/11/2019

DATE: 2019-11-13

COMMISSIONER: JUDGE BURTON FOURIE

WITNESS: MR GEORGE STEYN


DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS

Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn

Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za


/...

## TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

This is to certify that, **insofar as it is audible**, the aforegoing is a true and correct transcript of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

STELLENBOSCH UNIVERSITY PRIVATE

| | |
|---|---|
| CASE NUMBER | : PRIVATE |
| RECORDED AT | : STELLENBOSCH |
| DATE HELD | : 13 NOVEMBER 2019 |
| TRANSCRIBERS | : NATASJA VD BERG |
| NUMBER OF AUDIO FILES | : 1 |
| NUMBER OF PAGES | : 34 |

**REPORT ON RECORDING**

1. **MUCH BETTER RECORDING THAN PREVIOUS DAY.**

DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS
Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn
Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

INVESTIGATION

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

---

**VERRIGTINGE HERVAT OP 13 NOVEMBER 2019**

KOMMISSARIS: Vinnig is ons – is ons op rekord. Mnr Steyn, miskien kan u net u volle name gee vir die rekord se onthalwe, asseblief?

MNR STEYN: So dit is George May is my voorname, en my van is Steyn.

KOMMISSARIS: En u – u weet uiteraard waaroor hierdie samekoms van ons gaan?

MNR STEYN: Ja, duidelik.

KOMMISSARIS: En ek kan miskien maar net weer vir u en die rekord se onthalwe net herhaal wat my opdrag inderdaad is, en dit is, soos u weet, die samehang van alles, hierdie is Professor De Villiers, die Rektor, Regter Cameron die aangewese Kansellier moet – is die gegewe daarin, en die klagte wat gelê is deur mnr Schreiber wat vir Dokter Schreiber hier is, en die opdrag, soos u sekerlik weet van die uitvoerende komitee, daar is vir my – en ek stel dit nou in Engels soos dit ontvang is – to conduct an investigation and to prepare the written report on the alleged serious violation of the law or serious misconduct on the part of the Rector.

So met ander woorde ek is nie hier vir enige ander

doel as om te fokus op die – op die Rektor se optrede wat na bewering dan die gevolge gehad het. In die proses, soos wat ek vir die getuies verduidelik, dit is 'n inkwisitoriese (sic) proses.

Dit is nie 'n hofsaak nie. So dit is maar 'n kwessie van 'n verkennende gesprek, as ek dit weer amper so kan stel, om te kyk of – of daar nog inligting is. U kan aanvaar ons het – ons het al wyd gekonsulteer. Ons het al die relevante dokumentasie glo ons wat tot op hede beskikbaar is. So daar benewens, ek het nou met Afrikaans begin. U het nie 'n probleem daarmee nie?

<u>MNR STEYN</u>: Ek praat graag Afrikaans.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja. Goed. Al word ek beskuldig word daarvan dat dit eintlik Engels moet wees, die universiteit se taalbeleid, maar ek is Afrikaans in murg en been, ja. So ons sal dan voortgaan in Afrikaans. Omdat dit 'n inkwisitoriese proses is vereis ek ook nie dat die eed afgeneem word nie.

Ek aanvaar tog in ieder geval is hy of sy gebonde aan sy gewete of haar eie gewete om die waarheid te praat. Goed. So ons moet mos weet u is die Voorsitter van die Raad van die Regte hier in Stellenbosch. En ek wonder of u nie miskien dan in u eie woorde dalk vir ons wil die agtergrond skets wat miskien kortliks wat uself betref u verbintenis met Stellenbosch, met die universiteit, en dan

die bepaalde probleem waaroor dit hier gaan, moontlik in breë vir ons dalk u... [tussenbeide]

<u>MNR STEYN</u>: So my verbintenis met die universiteit – ek hoef dit nou nie te gaan haal van my studiejare nie, nè?

<u>KOMMISSARIS</u>: Nee wat, maar ek aanvaar u het hier studeer.

<u>MNR STEYN</u>: Ek het hier studeer. Ek het begin met medies en in my tweede jaar het ek onmiddellik gestop, en toe het ek daarna begin en BA Regte gedoen en toe LLB. Maar ek het nie 'n dag klerkskap gedoen of – of gedurende die [onduidelik] nie. Ek het... [tussenbeide]

<u>KOMMISSARIS</u>: So u het – u het... [tussenbeide]

<u>MNR STEYN</u>: Ek het by... Ek het by Pep Stores gaan werk, en ek was ses en twintig jaar daar voor ek uitgetree het.

<u>KOMMISSARIS</u>: U het uiteindelik die lig gesien, sal party mense sê.

<u>MNR STEYN</u>: Ja, hulle het daardie tyd gedink ek is van lootjie getik, maar vyf, ses jaar later het almal gesê hoe het ek geweet. So ek het uitgetree uit die korporatiewe wêreld in 2011. In 2010 is ek gevra – genader om myself beskikbaar te stel terwyl ek – ek was – ek is 'n donor vir die noteer van die universiteit. Daar is drie sulke posisies op die Raad, en ek het gestaan. En tot my verbasing het ek

uiteindelik ingekom.

En in 2011 het die – my voorganger, mnr Paul Kruger, my geboelie om myself beskikbaar te stel as ondervoorsitter. En miskien het dit al in gesprekke opgekom. Die rede daarvoor is net hy het 'n – 'n dodelike vrees gehad dat [onduidelik] tydens afgelê, Advokaat Heunis, wat die ander kandidaat was. Maar hy was die kandidaat, en toe het hy my omgepraat om teen hom te staan. Hy het vermoed ek sal hom klop.

En ek dink as ek reg kan onthou, Advokaat Heunis het toe onttrek, en met die voorsitterskap wat toe opgekom het in 2012. In 2011 het ek ondervoorsitter geword dink ek. In 2012 April, en Dokter Kruger, moes hy uittree as raadsvoorsitter as gevolg van ouderdom, die sewentig perk.

En hy het my toe... Ek was toe die besturende – die uitvoerende beampte of die besturende direkteur van die Pep Groep. Ek het vir hom gesê dit gaan 'n moeilike balanseertoertjie wees, maar hy het my verseker dit is nie so baie werk nie, so hy het vir my eintlik maar prontuit gejok wat my betrokkenheid is.

Dit is nogal veeleisend as 'n voorsitter, want jy dien op al die komitees en daar is heelwat koukus gewees.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ek sal so glo. Ja.

<u>MNR STEYN</u>: Edwin Hertzog het vir my ook eendag gesê hy het agtergekom dit is nou meer as die helfte van sy

tyd gaan in die universiteit in, en minder as die helfte is hy by die kliniek. In elk geval, ek het met – ek dink Jan Heunis het weer gestaan, en ek het toe met Paul Kruger het my weer omgepraat. Ek het myself beskikbaar gestel.

Ek dink, as ek reg onthou, het Advokaat Jan Heunis weer onttrek. Dit is my herinnering. En ek is voorsitter van 2012, en ek is herverkies as 'n donateurslid. Daar is nie 'n termyn aan die voorsitterskap nie. Daar is net 'n termyn aan jou – hetsy jy nou 'n Rektor of 'n konvokasie lid of 'n donateurslid is.

So ek is herverkies as donateurslid, en net voor daardie vergadering het hulle my voorwaardelik as voorsitter herkies op die voorwaarde dat ek herkies word as donateurslid. Dit het so gebeur. En toe in 2018 April was dit dieselfde proses gewees. Ek is weer verkies as voorsitter op die voorwaarde dat ek as donateur verkies word.

En die statuut bepaal ek is tot 2022 – dit is my termyn, behalwe as iets gebeur, dat ek ook voorsitter sal wees, alhoewel ek beplan om oor te gee en miskien nog vir 'n jaar of 'n klompie maande om onder 'n ander voorsitter te dien en die voorsitterskap af te gee.

So dit is my... En dan is ek offisieel vir ampsonthalwe is ek 'n voorsitter van die uitvoerende komitee en ek is voorsitter van die menslike hulpbronne

komitee, en die ondervoorsitter – voorsitter van die – die vergoedingskomitee. Ek dien nie op die [onduidelik] komitee nie, alhoewel ek op 'n stadium aan hom gedien het. Ek [onduidelik] voorsitter op die [onduidelik] komitee nie.

KOMMISSARIS: Goed. Meer spesifiek met betrekking tot dit waaroor die ondersoek nou gaan, u het seker deurlopend dit beleef, met ander woorde die proses van... [tussenbeide]

MNR STEYN: Absoluut, ja.

KOMMISSARIS: ...van nominering (sic) of – of – of soek van kandidate of... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ek sal graag daaroor kommentaar wil lewer... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja. As u moontlik... Wel, ek – ek sou ook net graag wou weet... Ja. Vertel vir ons hoe dit plaasgevind het, ja.

MNR STEYN: So met ons vorige Rektor, Professor Russell Bothman se afsterwe, het – ek is dan ook... Dan is ek op daardie... Dan word ek ook ampsonthalwe voorsitter van die aanstellingskomitee van die Rektor. En op daardie stadium het ek eintlik gesê miskien moet ons baie vernuwend (sic) dink, en ek het op daardie stadium met onder andere Michiel Le Roux en Chris Otto gesels en gevra as – sal dit onmoontlik wees om iemand soos Regter Edwin Cameron te kry om die rektorskap by die universiteit

te aanvaar.

Michiel Le Roux het hom gebel en hy het gesê dit is doodeenvoudig sy pensioen wat hy gaan prysgee. Dit maak dit totaal en al nie die moeite werd nie, so nee. En toe het ek dit dan my rol gesien om as voorsitter van die komitee, dit is nie my besluit nie en daar word gestem oor, maar ek het my rol gesien as om baie goeie kandidate se name in die hoed te kry, en ek het twee baie goeie kandidate gekry.

Die een is Prof De Villiers en die ander een is Professor Francis Pietersen wat nou 'n Rektor is by die Universiteit van die Vrystaat.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: So toe dit ter sprake om dat Dokter Rupert – Johan Rupert se termyn tot 'n einde kom, het ek hom nie eintlik Desember tot 'n einde gekom nie. Dit het 'n bietjie vroeër tot 'n einde gekom, maar hy wou baie graag, dink ek, die finale afskeid hê aan die einde van die jaar, en ons – dit is toe 'n redelike maklike besluit om sy termyn vir 'n maand of drie te verleng het, en ons het toe so besluit.

En toe die gesprekke nou begin oor wie is die volgende kanselier, en ek het haas nooit by iemand verbygeloop op straat wat nie vir my gesê het wie is die volgende kanselier nie. So ek het... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: So dit was – dit was die besprekingspunt ... [tussenbeide]

MNR STEYN: Dit was die groot besprekingspunt gewees, ja. So ek het... En persone soos Chris Otto, ek weet hy het gister getuig... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: ...en hulle het nou die name wat toe begin vlieg het is nie syne nie maar Michiel Le Roux en Edwin Hertzog en GP Ferreira en... Toe het ek gesê weet jy, ekke – ek stem sterk nie saam nie. Ek dink dat nog 'n ryk Stellenbosch se sakeman – een van die [onduidelik], selfs genoem 'n lid van die Mafia, is – ons moet baie meer vernuwend en transformerend (sic) dink.

En ek het gesê dat my eerste kandidaat en eintlik my enigste kandidaat was Regter Edwin Cameron. So dit was bekend gewees. So die het Chris Otto, Michiel Le Roux, Edwin Hertzog, hulle het almal daarmee saamgestem. Maar dit is nou alles in terloopse gesprekke gewees.

Die Rektor het 'n ander kandidaat – het 'n ander kandidaat gehad. Hy het die naam van Santie Botha opgebring, en ek het gesê wel sy was al 'n kansellier by 'n ander universiteit. Ek dink nie hier skuif kanselliere rond nie. Dit sal beter wees as jy 'n unieke eerste keer kansellier aanwys.

KOMMISSARIS: So – so dit was die – of 'n voorstel van... [tussenbeide]

MNR STEYN: 'n Voorstel van die – van die Rektor.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Ons het toe deur die proses, maar dit is eintlik nadat die oproep van Professor De Villiers aan Regter Cameron, het ons – het ons toe dadelik nou begin, en die Engelse woord is *scramble*, rond – rondgespring om te sê maar wie is ons volgende kandidate, want ek het nie baie verder as Regter Cameron gedink nie.

En ons het toe – ek en [onduidelik] met Professor Stan Du Plessis het besluit Maseka Kanyago van die Reserwebank sal 'n baie goeie kandidaat wees, omdat sy – sy posisie nie in ons opinie polities is nie. En die ander kandidaat wat ook ter sprake gekom het op daardie stadium is die van Nicky Newton-King van die – van die Johannesburgse Effektebeurs.

En ek is toe gevoeg op 'n Whatsapp groepie deur Michiel Le Roux êrens in Augustus, maar dit is nou al nadat die Rektor vir Cameron gebel het. En ek het nooit aan die groepie deelgeneem nie. Ek het dit maar gadegeslaan.

Maar dit het nou eintlik gegaan oor die strategie, jy weet, hoe oorreed ons vir Cameron verder, of – of kyk ons nou na ander kandidate. Ek weet nie of jy insae daarin gehad het nie. Ek het... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja, ons het... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ek het my Whatsapp groep... Ek het dit beskikbaar gestel aan Marina Van Niekerk [onduidelik]

Markotter.

KOMMISSARIS: Ons – ons het dit inderdaad as deel van ons stukke. En ek het gesien dat jy hier gevoeg was, maar ek het – ek het gesoek maar nie gevind dat u... [tussenbeide]

MNR STEYN: Nee... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: ...'n groot deelnemer aan... [tussenbeide]

MNR STEYN: Nee, ek het dit maar... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: ...gesprekke was nie.

MNR STEYN: Ek het dit maar gadegeslaan. So wat gebeur het, en ek het – u moet my vertrou as ek vir u sê dat ek het nie dagboek gehou van die gebeure nie, want ek het nie geweet van die hoe dit – watse verloop dit sou neem nie. Maar die Rektor het toe op 'n dag – en ek het die heeltyd in my gemoed gehad dat Chris Otto of Michiel Le Roux synde hulle vir Regter Cameron geken het, vir hom sou nader en uitvind of hy beskikbaar kan wees.

My... En my siening hoekom dit nie 'n – die – die kwessie van 'n konflik van belange of die botsing van belange, want ek het daaroor gedink, maar my – my opinie daaroor was een gewees, maar as daar iemand is wat bevoeg is om te sê of hy 'n konflik van belange of nie het nie, is dit Regter Cameron.

En 'n oproep kan onskadelik wees. So ek – ek is –

dit is – dit is my siening en my hele siening dat hy die beste persoon sou wees om – om te sê maar ek het 'n botsing van belange. Die – die een ding wat vir ons... [tussenbeide]

<u>KOMMISSARIS</u>: Ek is... Ek is jammer om u in die rede te val. Dit is nou met betrekking tot Gelyke Kanse, die litigasie wat daar... [tussenbeide]

<u>MNR STEYN</u>: Ja. Ja... [tussenbeide]

<u>KOMMISSARIS</u>: ...in verband hou.

<u>MNR STEYN</u>: ...ek het – ek het verneem op 'n stadium dat hy een van die tien Regters is. My – my redenasie hoekom ek nie te veel aandag daaraan gegee het nie, my – my begrip van die Grondwetlike Hof is as daar tien Regters is dan – dan is daar 'n debatvoering en 'n bespreking en 'n – en dan is daar 'n eenparige besluit of 'n minder – of – of daar is 'n minderheid wat anders voel, en dan weet ek die minderhede moet dan hulle uitspraak gaan skryf.

En as dit eenparig is, dan wys die tien Regters iemand aan, waarskynlik die een met die minste werk of die een wat die meeste betrokke was op daardie stadium en sê skryf vir ons die uitspraak. So ek het nie gedink dat hy 'n uitspraak kan manipuleer of wat ook al nie.

Ek het gedink hy is maar deel van 'n groep wat die taak opgelê is om dit te skryf. So dit is – dit was my begrip gewees. Ek is toe deur die Rektor ingelig dat hy het met

Cameron kontak gemaak. Nou my – ek – ek wou juis nie met hom bespreek het daar vandat ons – vandat die kommissie aangestel is nie, maar – maar ek...

As hy anders probeer, wat hy wel vir my voor die tyd gesê het hy gaan hom bel, dan kan ek dit nie onthou nie. So ek weet dat hy het vir my gesê hy het vir Cameron gebel. Dit is my absolute herinnering. En hy het vir my gesê dat Cameron het gesê dat – dat hy kan nie – hy kan nie, want hy is – hy het...

Maar hy het eers 'n... Ek dink dit is toe Cameron – hy het vir my gesê Cameron het hom – hy het vir Cameron gebel. En ek kan nie onthou of daar 'n tydsverloop was voordat hy vir my gesê het dat Cameron het hom skriftelik geantwoord nie, en of Cameron sommer vir hom telefonies gesê het man, dit gaan nie werk nie.

Maar ek is toe – toe ingelig deur die Rektor dat Cameron het gesê hy het 'n botsing van belange en sy posisie sal ondenkbaar wees omdat hy by die uitspraak betrokke is. En dit is dan toe die geskarrelry begin het om te sê wie is ons ander – wie is ons ander kandidate.

Maar hoekom ek betrokke is by die – by die kandidate, is ek dink dat as voorsitter van die Raad en die Rektor is ons waarskynlik die twee persone verbonde aan die universiteit om – om toe te sien dat daar behoorlike name van persone met absolute strateeg vir 'n

kansellierspos – daardie name in die hoed beland, en dat dit nie – dat dit nie – wat sal die woord wees, onvanpas sal wees... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Onvanpas sou wees.

MNR STEYN: ...onvanpas sou wees om kontak met sulke mense te maak nie, want jou top kandidate gaan nooit na die universiteit toe aangedraf kom en sê ons wil graag hier 'n kansellier wees nie, jy weet.

KOMMISSARIS: Dit is... Dit is nie 'n pos wat geadverteer word by wyse van spreke nie.

MNR STEYN: Nee, daar is 'n skrywe wat uitgaan. Die... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ek het gesien daar is... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ja. So sy sit – sy sit wel 'n skrywe uit... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: ...en sy verduidelik die proses, Dokter Retief, ja, Ronel.

KOMMISSARIS: Maar ek bedoel eintlik in die – in die ware sin van die woord is dit nou nie eintlik iets wat – sou ek dink, waarvoor 'n kandidaat sal aansoek doen nie.

MNR STEYN: Nee. Die kandidate wat – wat jy werklik sal wil hê sal genader – altyd genader word. Hulle gaan nie na jou toe kom en sê ek wil graag 'n kansellier word nie.

KOMMISSARIS: Ja. Ja.

MNR STEYN: So ons – so ons het geweet ons sal – jy weet, ons gaan moet betrokke moet raak.

KOMMISSARIS: So die twee van u het eintlik die – die verantwoordelikheid, as 'n mens dit so wil sien.

MNR STEYN: Ja. Ons het nie... Ons het nie gesê dit is ons verantwoordelikheid nie. Dit is maar... Ek dink dit is maar net soos ons koppe gewerk het. Dit is ons verantwoordelikheid.

KOMMISSARIS: Dit is amper 'n morele verantwoordelikheid om... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ja.

KOMMISSARIS: ...in belang van die instansie toe te sien dat daar voldoende en geskikte kandidate is.

MNR STEYN: Absoluut. Absoluut. En – en ekke was nie by die vorige rondte betrokke nie. Ek het eers op die Raad begin dien toe Dokter Rupert reeds kansellier was. Ek dink hy was van 2009. Ek kan net onthou dat ek was by sy her – by sy heraanstelling was ek betrokke, maar nie by sy aanvanklike aanstelling nie.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: En toe het die Rektor by my gekom en gesê wel dit is nou – dit is nou soos dit is. Toe baie kort daarna het hy by my gekom, toe het hy gesê weet jy wat, hier is nou 'n wending, Advokaat Juan Meiring het 'n

regsopinie – dit was die Rektor se woorde – 'n regsopinie vir Regter Cameron geskryf wat hom – waar hy vir hom sê daar is nie 'n konflik van belange nie.

Terugskouend met wat ek nou weet was dit nie rêrig 'n regsopinie nie. Marinda Van Niekerk verwys daarna as 'n hartstogtelike brief, wat u waarskynlik ook op rekord het.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja. Is dit die skrywe? Ek aanvaar... [tussenbeide]

<u>MNR STEYN</u>: Dit is die Rektor se skrywe, maar die Rektor het vir my gesê dit was 'n regsopinie. En – en toe, soos ek die – die kronologie verstaan, het die Rektor eerste met Cameron gepraat. As een van Chris Otto of Koos Bekker of Edwin Hertzog of Michiel Le Roux die regsfakulteit dink ek – ek dink dit was Marius De Waal, maar ek is nie seker nie, ek dink dit was na die Rektor, maar ek – ek – ek kan dit nie bevestig nie.

Ek het nie – ek het nie 'n rekord nie. Ek dra geen – ek het geen rekord van die – die kronologie van die oproepe na Cameron toe nie. Ek ken nie vir Cameron nie. Ek het hom eenkeer ontmoet, en dit was op 'n troue van Michiel Le Roux se seun, klein Michiel Le Roux. Dit was daar by die Landlords gewees in Rand – in Johannesburg. En ek sou reg oorkant hom gesit het, en ek het baie daarna uitgesien, maar hierdie dag het hy homself – sy huweliksbevestiging verklaar en hy het vier huwelike daardie dag voltrek.

So ek... So ek het hom daar ontmoet, en toe met sy Ere Doktorsgraad het ons 'n funksie by Lezaltse gehad, en daar het ek sy hand geskud en vir hom goeienaand gesê, maar verder weet ek maar net van hom wat ek – wat ek lees en hoor.

En soos ek dit het, het – het Cameron toe – ek dink hy het aan iemand gesê Chris Otto het hom geboelie. Maar – maar hy het toe aangedui dat hy wel die kanselierskap (sic) sal oorweeg, maar dan moet hy 'n – 'n aanduiding van – en ek weet nie of hy gesê het Gelyke Kanse nie, maar dan moet hy 'n aanduiding van Advokaat Heunis kry dat hulle dit so sal aanvaar, en dat hulle nie daaroor – wat sal die woord wees – beswaar gaan maak sou die nominasie dien nie.

En ek – en ek verstaan, en dit is my begrip, dat die Rektor het toe vir Heunis gebel. En sy – die Rektor se terugspeling aan my was dat Heunis het aangedui alhoewel hulle vir Christo Van Rheede as – alreeds as 'n kandidaat gestel het, het hulle eintlik ook vir Cameron – ook Regter Cameron oorweeg, maar hulle het gedink dat daar mag 'n botsing van belange wees, en dit is hoekom hulle nie sy naam ingegee het of hom nie genomineer het nie, en dat hy te vinde daarvoor is dat Cameron genomineer word.

Ek het verneem dat Koos Bekker, alhoewel ek ook nie met Koos Bekker gepraat het nie, Dokter Koos Bekker ook met Cameron gepraat het oor die -- Heunis se – kom

ons noem dit "*blessing*" vir die nominasie, en dat hy ook terugvoer gegee het dat – dat Heunis nie beswaar het nie. Die – die feit van die Rektor se skakeling met Cameron, so – so Wim het nie met my gedurig gesê ek het nou vir die Regter gebel en hy het nou vir my dit gesê.

Dit het ek nou maar in hierdie kronologie van die – van die – van die wat – ja, dit wat ek nou maar opgestel het, dit het ek nou maar daar opgetel. Maar my antwoord aan Wim was... Ek kan nie onthou dat ek vir hom gesê het dat ek dink nie Heunis hom gebel het nie, maar ek het wel vir hom gesê dit is – dit is – dit lê by Cameron om te sê of hy 'n botsing van belange het of nie, en dat ek nog nooit, en ek sal ook nooit 'n Regter van sy statuur van die Grondwetlike Hof sal ek se oordeel in so iets wantrou nie.

En as hy sê hy het nie 'n botsing van belange nie, sou dit nie vir my of vir die Rektor – en dit is wat ek vir Wim gesê het, dan is dit nie vir ons om vir hom te sê geagte Regter, ons verskil met u, ons dink u het eintlik 'n botsing van belange nie. So...

<u>KOMMISSARIS</u>: Dit is wat u gevoele aanvanklik in ieder geval was.

<u>MNR STEYN</u>: Ja.

<u>KOMMISSARIS</u>: As daar so 'n besluit moet wees, dan moet dit... [tussenbeide]

<u>MNR STEYN</u>: Ja, ek het... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: ...dan moet dit die Regter wat in die midde van die ding staan daar... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ja. As jy die oproep – terugskouend het ek gedink die oproep wat Wim gemaak het, as dit die eerste een was, wat ek nie kan bevestig nie, dan sou ek vermoed het as Cameron – hy kon vir hom gesê het meneer die Rektor, ek dink dit is baie onvanpas dat jy my nou bel. Ons sal moet wag tot na die uitspraak gelewer is voordat ek dink ons enigsins met mekaar kan praat. Of hier is 'n groot botsing van belange, so kom ons laat dit daar. Of baie dankie vir die...

Ek – ek het... Ek wil nie vir Cameron impliseer nie... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Nee, nee.

MNR STEYN: ...maar – maar as die – die aanklag... En ek weet dat u – dat u opdrag is nou nie soos die Schreiber klagte lui nie, want hierso – want ek dink ons... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja, dit loop redelik... [tussenbeide]

MNR STEYN: ...ons... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: ...wyd.

MNR STEYN: ...ons gedragskode sê eintlik net dit, want dit gaan oor die amp verwyder word, en ons gedragskode sê ernstige oortreding van die wet of 'n ernstige wangedrag, ek dink dit is die – dit is die

bewoording soos – soos u dit ook het... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: ...en ek verstaan dit dat ons nie 'n Rektor uit sy amp kan verwyder omdat hy nie sy parkeerkaartjie betaal het nie. En ernstige wangedrag, ja, dit is 'n – dit is 'n moeilike een en ons laat dit vir u om daaroor te besluit.

En sodat – dat u eintlik moet uitvind of al hierdie bewerings en wat u moet ondersoek, is dit – ek dink in een van daardie kategorieë, want die gedragskode spesifiseer nie goed soos omkopery of reputasieskade of goed – of onetiese optrede of wat ook al nie.

KOMMISSARIS: Ja, u – u sal sien daar in die – in die klagte sê Dokter Schreiber – hy neem dit eintlik so vêr as omkopery by name te noem.

MNR STEYN: Ja.

KOMMISSARIS: Nou miskien net – net vir u vra, omkopery beteken eintlik daar moet twee partye wees, waarvan die een 'n voordeel aan die ander gee, en daar 'n quid pro quo is, wat dan geïnsinueer word in die... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ja, hy praat van 'n gunstige uitspraak.

KOMMISSARIS: Ja. Ja. So 'n gunstige uitspraak moes dan die quid pro quo wees wat Professor De Villiers sou wou gehad het van – van – vir Cameron.

MNR STEYN: Ja.

KOMMISSARIS: En – en u betrokkenheid by die hele storie, is daar ooit enige sprake – het u gehoor iemand verwys na die moontlike voordeel wat daar kan nou uitspruit as... [tussenbeide]

MNR STEYN: Nee, die – die... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: ...'n gunstige uitspraak of iets in der voege?

MNR STEYN: Nee. Inteendeel die ding het na die anderkant toe geslaan. Ons het gespekuleer dat nadat Heunis sy instemming gegee het, het ons gesê dat by die vorige – vorige uitspraak is daar gesê dat Gelyke Kanse het 'n saak wat gehoor moet word, u weet.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Ek dink amper daar... En Heunis het gedink miskien kan sy toestemming in sy guns werk. Jy weet, so dit het by ons opgekom. Die goed wat by ons belangrik was, Cameron sou by die aanvaarding van die kanselliersamp, wanneer hy nou aangestel word of ingehuldig word, dan het hy reeds uitgetree as 'n Grondwetlike Hof Regter.

En – en ons is baie opgewonde toe ons verneem het hy beskou nie dat hy nou meer 'n konflik van belange het nie.

KOMMISSARIS: Ek het gesien in u Whatsapp

groepie... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ja.

KOMMISSARIS: ...is dit vir my duidelik op die een stadium was julle – julle was nie seker of hy alreeds uitgetree het, al dan nie. Die indruk wat vir my gelyk het meneer Le Roux en meneer Otto gehad het is dat hy reeds uitgetree het, en dat hy glad nie meer betrokke is by enige hofuitsprake nie.

MNR STEYN: Ja. Ek dink as... Ek dink as hulle hulle nou behoorlik van die feite vergewis het sou hulle waarskynlik vir Wim gesê het dat een van ons vir Heunis bel.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: So ek dink hulle het miskien... Maar dit het... Maar nou spekuleer ek.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Maar dit is *obvious* dat hulle – dat hulle gedink het hy het – hy het reeds uitgetree op daardie stadium wat die skakeling met hom plaasgevind het.

KOMMISSARIS: Ja. En toe die Rektor dit nou oordra dat meneer Heunis nou die groen lig gegee het, of Regter Cameron via meneer Heunis dan nou die groen lig gegee het, was daar – was daar toe opgewondenheid?

MNR STEYN: Ja. En ek dink daar op die Whatsapp groep is daar sulke duimpies gewees... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja, ek het dit gesien.

MNR STEYN: ...en allerhande, wat noem hulle dit, emoji's of goedjies.

KOMMISSARIS: Emoji's, ja.

MNR STEYN: Ja. En daar was – daar was... Want hy was na al die beraadslaging... Daar is nooit formeel beraadslaag nie. Daar was nooit wat ons bymekaar gekom het nie. Dit is maar alles informele gesprekke gewees.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Ek deel byvoorbeeld 'n kantoor met Michiel Le Roux se – se millennium – sy filantropiese trust... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja. Ja.

MNR STEYN: ...die persoon wat dit vir hom bestuur deel met my 'n kantoor hierso op die hoek van Kerk en Rhyneveld Straat. En ja, so dit was alles altyd informeel. En ek en Chris Otto sit op 'n direksie saam en ons ry soms saam en ons ken mekaar. So... So die woord omkopery het nie eers amper deur my brein geflits nie.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Ek het dit nie... Dit is nie eers 'n... Ek het dit geen lugtyd gegee nie. Dit het nie by my opgekom nie. So terugskouend, die tydsberekening was sleg – nie waarskynlik sleg nie, dit – dit was sleg. Ek – ek vermoed sterk, want ek – ek – want ek – my geheue is dat die Rektor

het nie vir my gesê ek wat – ek wat Wim De Villiers is gaan nou vir Cameron bel nie.

As hy vir my gesê het hy gaan hom bel, dan sou ek waarskynlik gesê het o, miskien moet ons vir Michiel of Chris vra om die oproep te maak. Maar dit is... Maar dit is wat ek maar vermoed het ek sou gesê het.

En omdat hy my ingelig het nadat hy hom gebel het en hy het vir my die terugvoer gegee kort daarna oor wat sy reaksie was het ek gesê ja. Dit is wat hy gesê het. Dan is dit goed so. En ons kan nie met hom kibbel nie.

En toe dit nou die intervensie gewees van die – wat die Rektor genoem het 'n regsopinie, wat in my opinie nie 'n regsopinie was nie, die skrywe van Meiring. En toe het – en toe was daar nou verskillende oproepe na hom toe. En ek sien in die relaas hierso dit was Otto, Le Roux en 'n klomp – 'n klomp persone het hom geskakel. Ja.

KOMMISSARIS: Dit is meer 'n opinie van 'n regspersoon – 'n mening van 'n regspersoon, maar nie met die doel om regsadvies oor te dra nie. Dit lyk hier vir my dit is waaroor dit gaan.

MNR STEYN: Praat u nou van Meiring?

KOMMISSARIS: Nee, nee, van Juan Meiring se – se... [tussenbeide]

MNR STEYN: O, o ja natuurlik. Hy is ook 'n raadslid.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Ja, hy is 'n raadslid en 'n – en 'n... En daar ken hy vir – dit lyk vir my hy ken vir Cameron goed, en hy het duidelik 'n geweldige bewondering vir hom.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Daar is die kwessie van die uitvoerende komiteevergadering waar ek myself van verskoon het, want ons moes toe die – die... Ons kry toe die... Ons kry toe regsadvies van senior advokaat Adrew Breytenbach. En ons regsverteenwoordiger – ons senior direkteur Regsdienste, meneer Gerhard Libb, en dan ons prokureur met wie ons meestal skakel by Theo en Markotter wat Marinda Van Niekerk is, dat ons...

Breytenbach het my kom sien op 'n Sondagaand en hy het gesê hy dink dit is die rigting wat ons moet inslaan. En ek het toe... Maar hulle het toe... Ek het toe gesê maar ek weet. Ek is toe op hierdie Whatsapp groep gewees, so ek het geweet die Rektor het met hom geskakel. So is ek dan nou geskik om die vergadering te lei?

Toe het hy gesê nee, ek moet myself gerekuseer, en ek het saamgestem. En terwyl ek dit – toe tydens die vergadering – ek het die vergadering geopen en gekonstitueer. Ek het seker – seker gemaak dat daar 'n kworum (sic) is.

KOMMISSARIS: Kworum is, ja.

MNR STEYN: En daar was 'n behoorlike kworum,

soos per die statuut bepaal. En met die aanvang van die vergadering het – het Professor Stan Du Plessis, wat ook 'n lid is van die uitvoerende komitee aangedui – maar hy het toe kennis gedra, want hulle het dit in die Direktoraat 'n paar keer bespreek.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Jy weet, hoe gaan dit nou met die kanselliersaanwysing. Dit is 'n belangrike kwessie vir die Direktoraat, en hy het hom ook self gerekuseer. Ek het toe 'n verslag... Ek het toe gerapporteer as woordvoerder van die Raad en die Uitvoerende Komitee dat ons in die vergadering – daar is 'n vergadering gehou en dat die volgende besluit geneem is.

En die ondervoorsitter wat toe ook ondervoorsitter van die Uitvoerende Komitee is, meneer Ransley Moos, het toe in sy naam aan die Raad gekommunikeer dat, jy weet, dat die omvang van die besluit en dan natuurlik nou dat ek myself gerekuseer het.

Ek dink daardie epos was 'n paar minute by die... Ons het 'n... Ons het 'n kode van vertroulikheid by die Raad. En dit was minute lank – tyd aan raadslede, toe 'n raadslid gebel het en gevra het maar hoekom het ek myself gerekuseer. En geen geheim nie. Ek het gesê ek het kennis gedra van die Rektor se handeling, en ek het nie gedink dit... En die ander persone het nie kennis gedra van

dat die Rektor met Cameron geskakel het nie.

En enkele minute daarna het Dawid Boonzaaier van die Rapport gebel, en toe was die storie in die koerant van hierdie skandaal brei uit en wat alles daarmee gepaardgaan.

KOMMISSARIS: Soveel vir die vertroulikheid.

MNR STEYN: Ja. En dit is altyd dieselfde mense. So ek kon onmiddellik vir hulle sê wie dit was ook. Dit is ook 'n regsgeleerde.

KOMMISSARIS: Enige iets verder wat u dink ons moet behoort te weet wat u van kennis dra? Daar is niks wat ek spesifiek... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ek dink die – die – die een ding wat ek dink dit – dit is – waarop ek kommentaar kan lewer is dat ons sit met 'n baie bekwame Rektor. Maar hy – en hy is 'n geweldige slim akademikus. Op skool en universiteit, 'n ongelooflike rekord wat hy het.

En soms is my ondervinding dat persone wat so geseënd is soos met hy kry 'n – 'n tipe van 'n voortvarendheid. En in die hele taal saga wat begin is met – met 'n uitlating dat hy sonder ons as Raad se instemming aan die Senaat gemaak het van... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ek onthou dit, ja.

MNR STEYN: So dit is 'n bietjie daardie voortvarendheid gewees wat hy net aan homself nie

behoorlik... Hy het nie gedink nie, en hy het nie met ons voor die tyd daaroor gepraat nie. Ek en hy het daar ernstig gebots, en die ding het toe sy verloop geneem. Want hy het teen die statuut opgetree.

Maar die ding is deur Regter Cauwe ondersoek. Ons is gelyk gegee. En ek en hy het 'n baie goeie werksverhouding. Ek ken toevallig sy vrou eintlik van geboorte. So ek was nooit saam met hom in dieselfde skool nie. Maar ons is Stellenboschers (sic). Ek het by sy pa klas gehad. En in universiteit was ons saam. Ek is eers Leër toe.

Ons het mekaar in die eerste jaar as mediese studente ontmoet. Wel beter, baie beter leer ken. Ons was in twee verskillende klasgroepe, en daarna het ons paaie eintlik baie lank geskei, want hy was byna twintig jaar in die buiteland. Ek het hom destyds genader vir die dekaanspos (sic) van die mediese fakulteit, maar hy het uitgeval.

Toe het Professor Julie Foreman, wat nou die Dekaan daar is. En toe het hy mos Atjie se [onduidelik] van gesondheidswetenskappe geword. En toe het ek hom weer genader met die afsterwe van Professor Bothman.

En ek dink hierdie – daardie voortvarendheid was miskien ook... Ek sê – ek dink dit was miskien 'n tikkie daarvan betrokke, en dit was om die... [tussenbeide]

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR STEYN</u>: ...en ek dink dit was miskien onnodig. As u vir my vra... [tussenbeide]

<u>KOMMISSARIS</u>: Ek sien.

<u>MNR STEYN</u>: ...as u vir my vra of goed soos omkopery en gunstige uitsprake deur sy brein geflits het, dan my – soos ek met hom saamloop sal ek maar sê dit is hoogs – hoogs onwaarskynlik. Hy is slim genoem om te geweet het as sulke items betrokke was, dat hy sy – baie beter in sy spoor sal moet trap. So ek dink nie... Soos die Engelse sê, I do not think it crossed his mind.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ek kan amper... Ek kan amper 'n kwessie van – nie die voortvarendheid nie, akademiese naïwiteit, as ek so 'n uitdrukking mag gebruik.

<u>MNR STEYN</u>: Ja. Nee beslis.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR STEYN</u>: Maar... Maar ek het net gedink dit is belangrik om te weet dat ons – ons het gebots destyds met die... [tussenbeide]

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR STEYN</u>: ...met die voortvarendheid met die Senaat.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR STEYN</u>: Want ons is nie daarin geken nie. En toe moes ons as Uitvoerende Komitee middernagtelike vergaderings hou om te sê wel, hulle het nie die reg om af

te breek van die – van die huidige taalbeleid en die statuut nie, en dat dit deur 'n – deur 'n proses moet gaan, en wat ook al.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Interessant. Ons is baie pro meertaligheid, en ons is ernstig omtrent meertaligheid, maar as die Grondwetlike Hof ons sou dwing om terug te gaan na die 2014 beleid, as hulle aansoek geslaag het... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja, dan... [tussenbeide]

MNR STEYN: ...dan sou ons moes teruggegaan het.

KOMMISSARIS: Terug na 2014.

MNR STEYN: Dan – dan sou ek die universiteit min of meer twee weke gegee het om heeltemal te verengels, want in daardie beleid word jy toegelaat om te tolk van Engels. En ons ondervinding is daar word vertolk in Engels vir 'n dag of twee, dan sê... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja, ek het myself al baie afgevra... [tussenbeide]

MNR STEYN: ...dan sê die studente wel ons het nou nie – ons het nie hierdie – ons het nie hierdie gehoorapparate... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: ...nodig nie. En die universiteit sou basies baie vinnig verengels het. So die hele ding is maar

solank – solank daar 'n groot genoeg aanvraag is wat enigsins ekonomies sin maak vir 'n Afrikaanse aanbod, dan gee ons vir hulle dit gewoonlik daar.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Dit kos ons geld, maar dit is reg. Dit is waar ons staan. So ek wil dit net vir interessantheidshalwe genoem het.

KOMMISSARIS: Ek – ek vind dit interessant. Ek het myself afgevra, tolk dienste, die effektiwiteit daarvan, veral met studente... [tussenbeide]

MNR STEYN: Ja.

KOMMISSARIS: ...ek is nie seker dat hulle wel... [tussenbeide]

MNR STEYN: Nee, dit is tweedehands. Ek het gaan... Ek is... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Ek is nou die ander aand – en miskien was u ook hier gewees met die Anton Lebowski gedenklesing en wat ook al... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Nee.

MNR STEYN: ...toe is daar 'n tolkdienste. Nou sit ek dit op... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: ...want as jy in Afrikaans praat, dan tolk hulle na Engels, maar dit is tweedehands.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: Die – die ervaring is net nie dieselfde nie.

KOMMISSARIS: Dit is amper aandag afleibaar eerder as wat dit 'n bate is het ek... [tussenbeide]

MNR STEYN: En – en die tolking van Afrikaans na Engels is dit is die heeltyd dieselfde groeperinge wat met die – met die gehoorstukke op hulle koppe sit, en hulle bewering is hulle voel soos *freaks*, en ek dink ek het begrip daarvoor.

COMMISSIONER: Mr Carriem, anything else that you have in mind? Ja, nee, baie dankie, meneer Steyn, dit was – dit was rêrig insiggewend. En dankie vir u tyd.

MNR STEYN: Nee, dit is die minste. Ek het regtig baie lank gedink oor die kronologie van gebeure soos... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: ...jy weet. Maar ek het daar – ek – ek kon nie... Ek kon nie onthou... Ek kan tot nou nie onthou of die Rektor vir my gesê het hy gaan hom bel of nie.

KOMMISSARIS: Ja. Maar dit is – dit is – dit is verstaanbaar. 'n Mens trek baie keer jou... Dit is 'n bietjie verdag van 'n getuie wat presies onthou elke stap van die weg. Dan dit eerder skep 'n snaakse indruk as anderste om.

MNR STEYN: Maar hy het my gebel om te sê daar is

nou 'n wending. Meiring het vir Cameron geskryf met 'n regsopinie, maar... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR STEYN: ...soos ek vir u gesê het, Marinda se indikasie daarvan, en myne ook, dit is nie 'n regsopinie nie.

KOMMISSARIS: Maar baie dankie.

MNR STEYN: Baie dankie aan u elk.

**EINDE VAN ONDERHOUD**

# INVESTIGATION INTO ALLEGED MISCONDUCT

## STELLENBOSCH UNIVERSITY

CASE NO: REC01/11/2019

DATE: 2019-11-13

COMMISSIONER: JUDGE BURTON FOURIE

WITNESS: PROF WILLEM DE VILLIERS

DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS
Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn
Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

/...

622

TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

This is to certify that, **insofar as it is audible**, the aforegoing is a true and correct transcript of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

STELLENBOSCH UNIVERSITY PRIVATE

| | | |
|---|---|---|
| CASE NUMBER | : | PRIVATE |
| RECORDED AT | : | STELLENBOSCH |
| DATE HELD | : | 13 NOVEMBER 2019 |
| TRANSCRIBERS | : | ZELNA VERMAAK |
| NUMBER OF AUDIO FILES | : | 1 |
| NUMBER OF PAGES | : | 39 |

**REPORT ON RECORDING**

1. NOISE ON AUDIO BUT AUDIBLE
2. PEOPLE LAUGHING AND TALKING OVER EACH OTHER


DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS

Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn

Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za


/...

INVESTIGATION

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

---

**VERRIGTINGE HERVAT OP 13 NOVEMBER 2019**

KOMMISSARIS: Prof, miskien net vir die rekord, u volle name?

MNR DE VILLIERS: So, Willem Johan Simon de Villiers en ek is die visie kansellier in die Universiteit van Stellenbosch.

KOMMISSARIS: Ja, baie dankie vir u tyd en ook vir die feit dat u dit vroeër gemaak het pas vir almal. Nou, u is seker meer as enigeen bewus van die doel van die ondersoek? Soos ek dit dan het in die uitvoerende komitee van die raad se opdrag aan my is:

> "To conduct an investigation and to prepare a written report on the alleged serious violation of the law, or serious misconduct on the part of the rector."

Dit is my opdrag. Dit strek nie wyer of nouer as wat dit betref nie. En die manier... [tussenbeide]. Ja, maar of ons dit nou gedoen het tot op hede is ook dan nou– dit is 'n inkwisitoriese oefening of proses. Met ander woorde, dit is nie 'n hofsaak waar daar strydende partye is nie. Ek laat maar meestal dit aan die getuie oor om vir my sy/haar weergawe te stel. Derhalwe ook [onduidelik] word nie. Dit

sal uiteraard van elkeen se eie gewete afhang of bepalend wees om die waarheid te praat aldan nie. Goed. Dan, miskien is 'n aankloppingspunt vir 'n begin– ek kan nou net sien [onduidelik]. If we can just see that the witness has the complaint to Dr Schreiber. Het u dit daar by u?

MNR DE VILLIERS: Ek het dit hier by my.

KOMMISSARIS: U het dit by u. Nou, ek aanvaar u het dit al dikwels onder oë gehad en ek wil nie in detail daardeur gaan nie. Maar dit is basies sal u vind dat dit 'n redelike wye spektrum [onduidelik] kan ek amper sê, maar Dr Schreiber het ook getuienis gegee hier en na ek hom gevra het– kom ek stel dit so, u sal sien dat die klagte eintlik is tweeledig, of hy het twee bene waarop hy staan, in die sin dat, enersyds maak die klaer wel die bewering dat daar daadwerklike omkopery was, as ek nou die woord so mag gebruik. Met ander woorde, dat daar 'n gawe en 'n teengawe was, as ek dit so kan stel? *Quid pro quo* in die sin van 'n gunstige uitspraak in ruil– as ek dit nou so blatant kan stel– in ruil vir 'n nominasie as kansellier. Dit is die– dit is die een been waarop die klagte blykbaar gegrond is en die tweede been is 'n objektiewe een en dit is– dit is ook eintlik die toets wat in die reg toegepas word. Jy kan omkopery– bias– op twee maniere bewys. Enersyds direk, subjektief- soos ek dit nou verduidelik het. Die tweede been– en wat meestal gevolg word– is 'n objektiewe toets.

Met ander woorde, die vraag dan synde of in die oë van die redelike persoon in die straat. Die optrede van uself en daarmee saam uiteraard, Regter Cameron, van sodanige aard was dat 'n redelike afleiding gemaak kan word dat daar omkopery of 'n bevooroordeling in die bepaalde omstandighede was. Nou, Dr Schreiber– ek het hom toe gevra of hy op beide bene nog staan? Toe is sy antwoord aan ons was toe, "Nee, hy stem saam dat waaroor sy klagte gaan is die objektiewe been," as ek dit dan so kan stel. Hy het met ander woorde nie direkte getuienis van omkopery wat hy gaan kom aanbied nie, om dit nou weereens blatant te stel, maar hy steun met ander woorde op die gebeure in sy geheel, om die afleiding te regverdig dat dit redelikwys bewys is– as jy wil– dat daar in hierdie geval ongeoorloofde optrede van u kant was uit hoofde van daardie omstandighede.

So, dit is– dit is basies waar die klagte tans staan. So, ek– as ons teen daardie agtergrond– en ek dink net dit is miskien wys om dan vir u te vra as u kan in u eie woorde net vir my verduidelik, miskien net die agtergrond te skets, die aanvang van die kontak tussen u en Regter Cameron, en dan kan ons dit daardeur neem. Ek sal u onderbreek wanneer nodig en dan, u kan verwys na– ons het ook– ek aanvaar ons het almal dieselfde dokumentasie. Ek kan– as u verwys na [onduidelik]. Ons het 'n hele bundel hier. U

sien daar is ook 'n kronologie wat verskaf was. Ek weet nie of u hom ook het nie– wat aandui dat– dit begin by 2 Julie 2019.

MNR DE VILLIERS: Is dit die een in Engels?

KOMMISSARIS: Ja, 2 Julie 2019. Dit is miskien ook 'n aanlopingspunt. Ons het– ek praat nou baie maar kan u net ons kan inlig, ons het vanoggend vir Prof Retief hier gehad. Sy het dan vir ons die werking van dinge verduidelik vir sover as dit die nominering en verkiesing van 'n nuwe kanselier betref. So, ons het daardie agtergrond. Ons het ook Mnr Steyn net voor ete gehad, wat vir ons verduidelik het van die proses wat dan gevolg word, maar lyk my in algemene– 'n algemene poging was– kom ek stel dit so– van alle betrokkenes om die geskikte nominasies te kry vir die betrokke [onduidelik]. Het u daardie...?

MNR DE VILLIERS: Ek het– ek het... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: U het dit?

MNR DE VILLIERS: [Onduidelik] ek wil net– en dankie vir die geleentheid en ek dink die laaste frase wat u gebruik het om 'n geskikte nominasie te kry vir die koshuis is uiters pertinent, maar– en ek wil nie die tyd– u tyd onnodig neem nie en ek aanvaar u– as ek verwys na sekere dinge, moet u my net onderbreek, dat ons kan op die juiste fokus.

KOMMISSARIS: U is welkom om so wyd te gaan as wat u nodig ag.

MNR DE VILLIERS: Goed, maar laat ek nounet begin deur te sê, dit is vir my nogal– dit is nie net– dit is– ek is uiters ontsteld oor hierdie aanklagte en verwerp dit in die totaliteit in terme van die erns daarvan en die omvang daarvan. En ek moet eintlik my misnoeë daarmee te boek stel van die tipe aanklagte. Dit is vir my soms moeilik om hier te onderskei. U het dit mooi probeer doen, maar tussen die rasionele en die emosionele. So, dit is baie moeilik om soms tussen daardie twee te onderskei, maar ek moet dit toeskryf– en ek dink ons het heelwat dokumentasie en u het waarskynlik ook die dokumentasie– aan 'n georkestreerde veldtog nadat daar 'n uitslag uit die Konstitusionele Hof was wat nie ten gunste van die ander party was nie, op Gelyke Kanse, en 'n eenparige uitspraak. Wat vir ons totaal grondwetlik, konstitusioneel aanvaarbaar is. So– en dit is 'n– dit is 'n groep mense wat ek werklik moeilik vind om hulle te verstaan, presies wat hulle probeer bereik. En– so– en ek het ook rasioneel daaroor probeer dink, dat dit gaan om gaande [onduidelik] ideologiese verskil tussen– nie noodwendig my nie– maar die Raad van die Universiteit en die rigting waarin die Universiteit gaan en die rigting waarin die Universiteit eerder gaan oor die afgelope 15– 15 jaar, in terme van 'n– soos u daar gesê het, ons is 'n nasionale bate, wêreldklas Universiteit, inklusief, meertalig, teenoor 'n groep wat 'n pre-1990 provinsiale insiniariteit nastreef. So,

dit gaan dan gepaard met 'n georkestreerde veldtog, soos julle sien in die artikels in die koerante wat u sekerlik het?

KOMMISSARIS: Ja, ek het daardie oorgegaan.

MNR DE VILLIERS: Ja. Het u die monitering van Dr Schreiber se sosiale media en die soort van aanklagte wat hy daar maak in terme van omkopery. So, wat is nou die gronde vir hierdie klagtes? Wat– waar is die– waar is die [onduidelik] nie gewys daar die aanklagte van omkopery. Maar okei, dan is dit omkopery. Wat gaan nou presies aan? So, dit is 'n modder gooiery na die eerste water. Dit is wanvoorstellings. Dit is dan– ek moet sê, dit is ongekende felheid en bitsigheid, *ad hominem* aanvalle. En alles om die instelling in die verleentheid te stel, om my in die verleentheid te stel, maar erger as dit– ek dink wat baie belangrik is– so, dit is my integriteit wat in twyfel getrek word. Dit is die regter– dit is Regter Cameron se integriteit. Sy [onduidelik] integriteit wat in twyfel getrek word. Ek kan nie vir u beklemtoon dat, met sy aanwysing as die aangewese kansellier nie. Die [onduidelik] in terme van hoeveel studente en hoeveel personeellede en daar is opgewondenheid oor hom as die nuwe kansellier. So, dit is om sy integriteit in twyfel te trek en ook om die Konstitusionele Hof se integriteit in twyfel te trek. So, dit is vir my– dit is vir my regtig nie lekker hierdie hele storie nie en ek sal aan die einde kom by 'n ander ding wat ek net wil–

waaroor ek bekommerd is en wat ek u– u ook 'n oordeel sal oor moet maak.

So, u het verwys– kom ons gaan na die twee bene toe? In die eerste plek sien ek dit en as– in my rol as rektor wat eintlik maar die CEO is– die hoof uitvoerende beampte– om die beste moontlike kansellier vir die instelling te kry end it het ons gedoen. Dit is gesprekke wat al lankal vandaan kom en as ons kyk in 2018, toe dit– daar was eers was daar onduidelikheid gewees of [onduidelik] se termyn einde 2018 klaar is of is dit nou 2019? Toe is dit nou 2019– einde 2019 klaar, na dit met die registrateur uitgeklaar is, maar ek het die epos van Chris Otto waar al in Januarie 2018 is daar– en soos daar maar hierdie gang praatjies– informele praatjies, of by sosiale geleenthede en/of ander waar hy sê– wil weet wat sal 'n moontlike goeie opvolger wees en dit. [Onduidelik]. Maar Regter Cameron is daar genoem [onduidelik] en Magiel lê Roux, *etcetera*. So, dit is by verskeie van hierdie soort-van geleenthede word daar oor hierdie goed gepraat en dit het toe nou meer uitgespeel vroeër vanjaar wat daar ook maar heelwat– heelwat praatjies daaroor is, is oor moontlike kandidate vir kansellier.

<u>KOMMISSARIS</u>: As ek net mag onderbreek. Hoe sien u, u rol in die verband? Met ander woorde, in die soeke na die ideale kandidaat?

<u>MNR DE VILLIERS</u>: Ja.

<u>KOMMISSARIS</u>: Sou u dink u moet passief wees en wag vir andere of moet u ook 'n rol speel in die proses?

<u>MNR DE VILLIERS</u>: So, dit is nou– dit is nou in hierdie vraag vra– so, dit is 'n vraag wat ek eintlik– toe het ons toe nou al heelwat gesprekke oor verskillende tye, datums, et cetera, tussen George en myself, tussen ander lede van die Raad van belang [onduidelik], personeellede en so aan. Toe by die direktoraatsvergadering seker– ek dink dit is die laaste een net voor Junie– net voor ek oorsee gegaan het– het ek eintlik gevra aan die groep daar, "Wat is die rol van die rektor in die hoedanigheid? Hoe moet ons dit *drape*, of hoe moet ons betrokke wees?" En siende dat die huidige kanselier is 10 jaar hier gewees, wat is die institusionele wysheid hieroor? Wat weet die direktoraat hiervan af? [Onduidelik].

<u>KOMMISSARIS</u>: [Onduidelik].

<u>MNR DE VILLIERS</u>: [Onduidelik] was al so lank hier nie, maar die punt wat daaruit gekom het, het gesê, dit is die rektor. Dit is die rektor se rol om dit te kry. Dit is maar die rektor se rol om dit te kry. En u is [onduidelik] met die tydslyn wat gevolg is en Regter Cameron se naam het baie opgekom en ek het ook– ek dink hy is 'n uitstekende kandidaat. Niemand het gedink hy is nie 'n fantastiese kandidaat nie.

KOMMISSARIS: Ja, ek dink dit is algemeen aanvaarbaar.

MNR DE VILLIERS: Ja.

KOMMISSARIS: Ook op die getuienis [onduidelik].

MNR DE VILLIERS: Ja, 'n absolute fantastiese kandidaat.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: So, die kwessie tussen ook tussen die bespreking op die direktoraat tussen my en George en ander– en ander mense is, "Okei, nou hoe–" dit was nie, "Okei, jy moet hom kontak nie." Dit was soort-van algemeen aanvaar. Ek sal hom kontak. Soos ek ook ander mense gekontak het in hierdie– so, ek kan nie– ek kan dit nie verder neem.

KOMMISSARIS: Ek wil u juis vra [onduidelik].

MNR DE VILLIERS: Ja, van die epos wat ek aan– ek dink u het dit waarskynlik– wat ek aan George geskryf het 10 Augustus en ek sal u daar neem.

KOMMISSARIS: Ja, ja.

MNR DE VILLIERS Daardeur neem.

KOMMISSARIS: Ja, ek is nie seker of ek daardie ene het nie. Ek weet Mnr Steyn het vanoggend genoem dat u wel 'n ander persoon genader het en vir die oomblik ontgaan sy naam of haar naam.

MNR DE VILLIERS: Ja, so, dit is 'n– 'n epos wat ek aan George geskryf het. Dit is net– miskien moet ons– ek loop

met die storie bietjie vooruit. So... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Ja, jammer, dit is eintlik ek wat nou tussenbeide hier ingaan.

MNR DE VILLIERS: Ja, maar ek raak ook deurmekaar met die storie. As ons die tydslyn vat, is dat 2 Julie het ek... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Ja, kom ons gaan terug na die tydslyn toe.

MNR DE VILLIERS: Ja, Regter Cameron se kontak inligting versoek. Ek het hom nie– ek het hom eers later– ek is toe oorsee. Ek was Italië toe en ek was Engeland toe en as ek myself moet terugdink, het ek hom waarskynlik van Ierland af gebel in my tydslyn daar. Dit was 'n baie kort– 'n kort gesprek gewees. Ek het vir hom gesê dat die– ons is opsoek na 'n nuwe kanselier. Dat die proses gaan oopgaan en dit is toe die registrateur bevestig die– ek dink 14 Augustus het dit oopgegaan. Dat daar nominasies aangevra is. Ek het vir hom gesê dat daar is heelwat mense wat my al gekontak het daaroor dat hy 'n baie geskikte kandidaat sou wees, en ek sou dit– ek wil hom gestel of hy vir so 'n nominasie vatbaar sou wees in terme van– ons het gepraat oor sy geskiedenis– sy spesifieke geskiedenis, die identiteitsgender *issues* wat– waar hy werklik 'n besondere rol by ons kan speel. Hy was– hy was– sy *response* was dat hy baie gevlei voel. Dat hy is bietjie verbaas en hy het

gesê hy sal daaroor dink. Die enigste vorige kontak wat ek met Edwin nog gehad het is toe in 2015, toe ons die ere Doktorsgrade aangegee het, en ook toe ek hom ontmoet het by 'n menseregte lesing hier by die fakulteit. Ek dink dit is ook in daardie jaar. Die Oppenheimer menseregte lesing.

So, wat ek dink wat baie belangrik is hierso– daar was geen bespreking van enige sake waarmee hy betrokke is en/of waar ons betrokke by is nie. Verder was daar ook geen bespreking– enigiets van sy kant af wat gedui het daarop dat dit moontlik nie 'n– dat dit nie 'n toepaslike... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Gepas is nie, ja.

MNR DE VILLIERS: Toepaslike gesprek is nie. Absoluut niks van die aard nie. Dit was 'n kort gesprek. Hy gaan na my toe terugkom. Ek moet ook sê, met al die gesprekke wat ons vooraf gehad het met die verskillende mense wat ek nou vir u gemeld het, was daar nooit het enigiemand 'n moontlike konflik van belange opgebring nie. Inteendeel, die feit dat hy 20 Augustus afgetree het, of uittree, het dit nie eintlik eers by my laat registreer nie, dat daar– dat dit eers 'n pertinente saak is nie. So... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: So, was Gelyke Kanse en die litigasie daar rondom, ek het dit nie mooi duidelik hoe verder dit toe gevorder het nie. Die Wes-Kaap het toe reeds beslis.

MNR DE VILLIERS: Ja, nee, so, dit is– u sien– die is

ongelukkige tydsberekening.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: Die is ongelukkig tydsberekening. Die taalbeleid soos ons hom toe aanvaar het in 2016, is nou al drie jaar aan die gang. 2017, 2018, 2019 en in 2016 het Gelyke Kanse hulle saak gebring teen ons en toe het die Kaapse Hooggeregshof– ek dink dit was in laat 2017– ek gaan my feite net mooi kyk daar. Laat in 2017 of vroeg in 2018 is dit deur die– is dit van die hand gewys. Met koste van die hand gewys.

KOMMISSARIS: Dit was Regter Dlodlo in die Kaap, as ek dit reg verstaan.

MNR DE VILLIERS: En [onduidelik].

KOMMISSARIS: Savage.

MNR DE VILLIERS: Savage. Ek dink Savage, ja. En toe– en hulle het verlof tot appèl geweier, en toe is daar by die Konstitusionele Hof aansoek gedoen vir appèl.

KOMMISSARIS: Dit is toe 'n direkte aansoek?

MNR DE VILLIERS: Dit is 'n direkte aansoek vir appèl. Nou, ons het eintlik gedink en gehoop dit kan baie vinnig nou gebeur, maar toe 'n jaar gelede toe sê die– dit sou 13 September voor die Konstitusionele Hof gedien het. Toe sê hulle, "nee, al hierdie stukke– die ses duisend bladsye... [tussenbeide]."

KOMMISSARIS: Moet vertaal word.

MNR DE VILLIERS: Moet alles vertaal word in Engels. So, dit word toe vertraag, *but it is out of sight, out of mind.* En dit is toe geherskeduleer vir 8 Augustus. 8 Augustus.

KOMMISSARIS: Dit is, ja. 8 Augustus sou die verhoor met ander woorde plaasvind.

MNR DE VILLIERS: Ja, het toe plaasgevind. So... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Ja, so u sê tydsberekening kan nou dalk nie die beste wees nie.

MNR DE VILLIERS: Korrek. Maar soos ek vir u sê, dit het werklik nie opgekom by enige stadium dat dit 'n *issue* is nie, en ook veral omdat hy 20 Augustus uitgetree het of afgetree het. So, dit was die aard– die volle aard van my gesprek met hom.

As 'n mens dan kyk na die tydslyn, het hy toe 2 Augustus na my toe geskryf en u het daardie dokumentasie. Ek was ten tye daarvan was ek in die Visrivier Canyon gewees. Ek het daardie staptog gedoen. 80 kilos. Ek het dit amper nie gemaak nie.

KOMMISSARIS: Ek wou dit nog altyd doen, maar... [tussenbeide].

MNR DE VILLIERS: Dit is fantasties.

KOMMISSARIS: Ek het nog nie daarby uitgekom nie.

MNR DE VILLIERS: Dit is regtig fantasties maar ek het dit 42 jaar gelede gedoen.

<u>KOMMISSARIS</u>: Is dit so?

<u>MNR DE VILLIERS</u>: Maar ek dink nie ek gaan dit weer oorweeg nie of doen nie. Want hy is nogal– dit is *tough*. Dit is baie *tough*, maar dit is werklik wonderlik.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR DE VILLIERS</u>: So, ek was daardie tyd buite kontak gewees. Geen kontak van 2 tot 10 Augustus, *obviously*, en die– toe het ek 10 Augustus aan Regter Cameron teruggeskryf en u het dit ook.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR DE VILLIERS</u>: Waar ek sê:

> "Baie dankie– verskoning vir die vertraagde antwoord. Ek is teleurgesteld oor jou in die kanselierskap maar verstaan jou posisie heeltemal en ek is tog bly dat dit deeglik oorweeg en deurdink het. Wees verseker van my volgehoue ondersteuning vir ꞌn toekomstige verbintenis met die Universiteit Stellenbosch, wanneer die tydsberekening dan meer gepas is."

En wat sou so ꞌn– as ek nou moet terugdink, as iemand iets lees, is daar ꞌn omkopery? Wat sou so ꞌn toekomstige verbintenis wees? Dit is gesprekke wat met die regsfakulteit aan die gang was oor die aanstelling as ꞌn buitengewone professor, byvoorbeeld, of enige– in sy rol as

'n publieke figuur. Hy was byvoorbeeld hierso by die lesing by Simon Nkoli Huis wat 'n HIV aktivis was.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: Sulke- sulke tipe- sulke tipe dinge. So- *and that was it*. Toe is- ek het onmiddellik 10 Augustus eintlik vyf minute nadat ek vir hom so teruggeskryf het, het ek vir George geskryf en gesê:

> "Edwin Cameron is ongelukkig nie beskikbaar vir die kanselliersposisie nie as gevolg van konflik van belang in die Konstitusionele Hof en Gelyke Kanse. Groot jammerte maar hy het 'n mooi nota geskryf. Ons sal moet saam dink oor moontlike ander kandidate."

My lysie- en tans in geen besondere volgorde en entoesiasme of geskiktheid nie. Siswe Nkagana, Nicky Newton-King wat ek gekontak het, Fred Robertson wat ek gekontak het, Wendy Appelbaum wat ons toe besluit het om nie verder te neem nie en *that was it*. In hierdie narratief van om 'n geskikte poel van mense te kry het ons by- het ek [onduidelik] 'n agenda punt uit die rektoraatsvergadering van 20 Augustus. So, dit is nou 10 dae aan waar ons onder die item:

> "Chancellor's appointment. We advise that the nomination process would be closing on

> 4 September. There is kindly only one candidate nominated, namely Mr Christo van der Rheede. The other possible candidate, Judge Edwin Cameron, has a conflict of interest. He will convey his final decision to the chairperson shortly. [Indistinct] has declined nomination."

[Onduidelik] die onder-voorsitter van die Raad vroeër gekontak om weer Johan van Zyl en African Rainbow Capital, vir Patrice te kontak, of hy beskikbaar is.

> "Other possible candidates were discussed Letuka and Ms Phumzile Mahlambo Ncuka, it is Nicky Newton-King, Ms Ruda Landman, Letsego Kganyago, Judge Kaga Reagen and Mr Elias Masilela."

Ons het– Phumzile Mahlambo Letuka is alreeds 'n kansellier by VUT. So, sy is uit die storie uit. Ek het vir Nicky Newton-King gekontak. Sy het dit van die hand gewys. Ruda Landman is genomineer. Letsego Kganyago was ons baie ver in die proses om te nomineer, of om dit te fasiliteer, toe dit so ontvou dat Regter Cameron wel beskikbaar is.

<u>KOMMISSARIS</u>: So, sou dit nie– as mens nou in die kristalbal moet kyk, sou dit nie gebeur het dat daar weer kontak was van Regter Cameron se kant nie. Dan sou dit

waarskynlik...

MNR DE VILLIERS: Absoluut. Dan sou ons plan B om 'n geskikte poel te wees. So, daar is 'n verskeidenheid van mense oorweeg.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: En in my rol as CEO en in my rol waar daar ooreengekom is deur almal dat die rektor dreig die proses. Welke wyse ook al, en miskien in naïwiteit, is dit hoe dit uitspeel. So, na die 10de wat ek toe aan Regter Cameron teruggeskryf het– dat ons nou net weer deur die tydslyn gaan– en die formele nominasie proses geloods is op 15 Augustus– net interresantheidshalwe, die 16de is ons nuwe hersieningstaktiek in die staatskoerant gepromulgeer– gepubliseer en gepromulgeer. En interessant self, ek het vir die– so die, die– ons proses onder die ou statuut is 15 Augustus, nè? Die volgende dag publiseer hulle die nuwe statuut. Ek vra toe vir die registrateur, "Jissie, kan ons nie net die proses... [tussenbeide]."

KOMMISSARIS: Want... [tussenbeide].

MNR DE VILLIERS: Toe sê sy, "Nee, dit is *done. It is a done deal.*" Sy is mos kwaai. Sy is presies. Sy is kwaai. Soos sy moet wees. So, [onduidelik] wanneer die nuwe statuut is, is daar 'n ander kies [onduidelik].

REGTER: Ja, want jy kon nie hier... [onduidelik].

<u>MNR DE VILLIERS</u>: [Onduidelik].

<u>KOMMISSARIS</u>: Jy kon nie hier uitstaan of iets drasties verander daar nie.

<u>MNR DE VILLIERS</u>: Nee. Toe- so, toe- in daardie- in daardie oproep het heel party mense my gekontak, *etcetera*. "Daar is nou 'n nominasie proses geloods. Wie het julle in gedagte? Edwin Cameron." Ek sê, "Edwin het gesê nee. Daar is konflik van belange. Hy is betrokke in hierdie saak" en dit is toe waar die gesprek begin ontstaan het, onder andere met Adv Juan Meiring wat aan my geskryf het, maar ook aan Edwin geskryf het en gesê het, "Dit kan tog nie so wees nie. Dit kan nie- dit kan nie 'n konflik van belange wees nie. Hoe kan 'n mens hier omkom?" Dit is hoe Magiel lê Roux en Chris en Didi WhatsApp groepie en Edwin Hertzog en so aan, en Johan Rupert was betrokke en Koos Bekker was betrokke. En gaan ons hierdie saak na kyk? Wat gelei het daartoe sodat mense met Edwin kontak gemaak het. Dat hy 21 Augustus na my toe teruggeskryf het en gesê het dat- 21 Augustus voor en na- ek is genader deur lede van die regsfakulteit, Juan Meiring, Magiel lê Roux, Chris Otto. Vanoggend het Edwin Hertzog ook gebel en geboodskap. "Ek dink weer." Vanoggend het ek vir Magiel gesê dat, as onontbeerlike voorvereiste, ons van Jannie Heunis 'n aanduiding sou moes kry- nie noodwendig van steun nie, maar ten minste nie van teensetting nie. Hy

werk daar. Ons het tot 4 September. Die is 21 Augustus. So, as jy hierdie WhatsApp groepie, hoe die klomp mense sit en met mekaar gesels– ek is– daar is baie min van my daarop. Ek het net baie feitelik gesê, "Hy het gesê daar is 'n konflik van belange en dat die enigste manier hoe dit kan besleg word, as daar toestemming is van Gelyke Kanse se kant af– van Jannie Heunis se kant af." Niemand was lus om met Jannie Heunis te praat nie. Ek het gesê ek sal met hom praat en dit was dan die 26ste– 'n kort gesprekkie ook, waar ek vir Jan gesê het dat, daar is belangstelling vanaf 'n groot aantal mense vir Cameron om genomineer te word vir die pos. Ek dink dit moet mens darem ook baie duidelik sit. As jy so 'n poel bymekaar sit, jy het 'n kies [onduidelik]. Ek het nie die mag om die kansellier aan te wys nie. Ek het nie die mag om dit vir iemand aan te bied nie. Dit is tog glad nie– dit is tog absurd om dit te doen. Dit is 'n kies *collusion* van 42 mense wat uit die Raad uit bestaan, die [onduidelik] komitee van die senaat, 10 dekane en die president en die ander president van die konvokasie. En die gesprek met Jan was juis dit gewees. Ek het vir hom die presiese woorde wat Cameron gebruik het, vir hom gesê, en dit is dat, "Cameron vra dat– hy sê dit 'n voorvereiste is dat Jan en Gelyke Kanse moet sê dat julle instem daartoe, maar nie ondersteun noodwendig nie. Dit is net instem daartoe."

KOMMISSARIS: Ja, met ander woorde, nie 'n bepaalde nominasie... [tussenbeide].

MNR DE VILLIERS: Nee, nee.

KOMMISSARIS: Of persone wat nominee ondersteun in en nominasie nie.

MNR DE VILLIERS: Ja.

KOMMISSARIS: As dit 'n voorvereiste is dat hy... [tussenbeide].

MNR DE VILLIERS: Dat hulle saak- dat hulle kan net instem daartoe dat hy... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Ja, dit is instemming waaroor dit gaan.

MNR DE VILLIERS: Dit is instemming. Nie- en dit is die presiese woorde wat Cameron gebruik het.

KOMMISSARIS: Want jy sien, dit is- ja, want dit is al die punt wat gemaak is in getuienis hier voor ons is dat, dit wat toe uiteindelik in Mnr Heunis se brief verskyn het as paragraaf 3, nie inderdaad 'n groen lig was vir die nominering van Regter Cameron deur uself nie- as ek dit nou so kan stel- maar dat dit bloot instemming in die- kom ons noem dit nou- in die abstrakte is.

MNR DE VILLIERS: Dit- okei, daar- ek is nie 'n regsgeleerde nie. Daardie brief het ons deurgestuur aan Juan Meiring, aan al die lede, al die genomineerdes- ag, al die mense wat wou deel wees van die gesprek, insluitende ook aan Regter Cameron gestuur, en dit is geïnterpreteer

as 'n groen lig.

KOMMISSARIS: Nee, want ek wou juis vir u vra, het u dit as enigiets anderster as 'n groen lig gesien?

MNR DE VILLIERS: Nee.

KOMMISSARIS: 'n Groen lig vir...?

MNR DE VILLIERS: *In fact*, dit is die woorde wat ek gebruik het toe ek vir Juan Meiring geskryf het, want hy doen die *nuts and bolts* van die...

KOMMISSARIS: Dit is 'n groen lig dat ons vir Cameron kan voorstel.

MNR DE VILLIERS: Ja.

KOMMISSARIS: Want soos ek sê, die- veral van Mnr Heunis se kant af, is die klem anders. Dit is- kom ons noem dit nou maar 'n objektiewe ja, want dit is nie 'n ja vir uself om hom te voorstel en te nomineer nie.

MNR DE VILLIERS: Nee.

KOMMISSARIS: As daar 'n verskil is tussen die twee.

MNR DE VILLIERS: Daar is nie- ek het dit gesien as 'n groen lig vir die nominasie proses om vorentoe te gaan en ek wil net die- daar is- laat ek net gou kyk hierso? Ek weet nie of dit die van [onduidelik] Markotter die stuk gekry het oor die vergadering tussen Jeremy Muller en Jan Heunis nie?

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: En wat dit blyk dat- die ander ding wat

ek net baie duidelik ook wil sê– en daardie– voordat ek nou klaarmaak met daardie gesprek met Jan Heunis– Christo van Rheede se naam het nooit opgekom in daardie hele gesprek nie.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ek is juis oppad om te blaai na Mnr Heunis se getuienis.

<u>MNR DE VILLIERS</u>: Dit is– en dan gebruik hy woorde soos "oënskynlik, het gesuggereer dat ons dus Mnr van Rheede se nominasie moet terugtrek." Dit is wat Jan daarna in die pers gesê het. Dit het nooit opgekom nie.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ek kan miskien net– terwyl ons nou op die punt is, net vir u– ek het kortliks net notas geneem van wat Mnr Heunis getuig het die gesprek was. Hy sê u skakel hom en:

> "Wim sê vir hom, jy weet seker waaroor jy my bel? Ek sê, nee. Hy, Wim, vra of ek weet hoe die kansellier verkies word."

Dan is daar– sê hy is daar 'n suggestie van u kant af dat Cameron verkies sal word. Met ander woorde, die kandidaat is wat almal– lyk my– wil hê. Hy noem dit "'n suggestive" van u kant af.

> "Wim sê die mense sê Cameron is 'n goeie kandidaat. Mnr Heunis sê, hy antwoord toe. Ek sê ja, maar ons sal nie hom oorweeg nie want ons wil hom nie nou

nader weens die hangende litigasie nie. Hy sê Cameron sê dit sal– u sê Cameron sê dit sal 'n groot eer wees. U sê dan ook dat u en Cameron 'n hele paar keer met mekaar gepraat het. En dan sê Mnr Heunis– dit is nie uitdruklik gesê nie, maar hy wat Mnr Heunis is, het die indruk gevorm dat u wil eintlik hê dat hy wat Mnr Heunis is, moet instruktief wees om Mnr van der Rheede te kry om sy nominering terug te trek."

Dit is wat Mnr Heunis sê die gesprek eintlik op– wat die gesprek was. So, daar is nie net 'n klem verskil tussen u en hom nie. Dit is ook eintlik 'n feite verskil van wat presies gesê is. Veral die een aspek waarin ek belangstel is die kwessie van die groen lig, dat Cameron gesê het dit is 'n absolute voorvereiste. Nou dit is Mnr Heunis baie definitief, was nooit gesê nie. So...

<u>MNR DE VILLIERS</u>: Wel, ek het– ek het vir u Cameron se epos aan my gelees.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR DE VILLIERS</u>: Van 21 Augustus en dit is presies soos ek dit oorgedra het aan Heunis. Gesê hy wil 'n brief of iets van julle hê wat sê... [tussenbeide].

<u>KOMMISSARIS</u>: Versekering hê, ja.

<u>MNR DE VILLIERS</u>: "Stem in maar nie noodwendig

ondersteuning nie."

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: "Stem net in daartoe."

KOMMISSARIS: Ja. Ja.

MNR DE VILLIERS: van Rheede se naam is nooit genoem nie. In terme van 'n suggestie, al wat dit gesê het, ons wil soveel– ons wil hom– hy moet genomineer word. Hy is 'n goeie kandidaat.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: Daar is 'n poel.

KOMMISSARIS: En... [tussenbeide].

MNR DE VILLIERS: En die ander punt was net– so– so, die– want die ding– die notas wat Lorinda vir my gegee het wat ek nounet hier gesê het dit is onreël– na die gesprek wat hulle gehad het daarna– na daardie telefoon gesprek– is, "J Muller–" dit is nou deur Mnr Muller en Jan die een [onduidelik].

> "Tydens die gesprek het Jan te kenne gegee dat Gelyke Kanse se eintlike vrees glo is dat Regter Cameron moontlik as gevolg van die gebeure, van die saak sal onttrek, en Gelyke Kanse wil dit ten alle koste vermy."

So, nou, wat moet ek nou daaruit maak?

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: So, in die saak Vrystaat- Afriforum v Vrystaat, was Froneman en Cameron in die minderheids... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: [Onduidelik], ja.

MNR DE VILLIERS: Maar dit was net op grond- want die kruks was of die saak op appèl moet gaan.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: Dit was die- dit was die [onduidelik]. Dit het daaroor gegaan en... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Ja, want daar was toe op die einde nooit verlof gegee nie.

MNR DE VILLIERS: Dit is hoe dit verlof gegee het.

KOMMISSARIS: Die Appel Hof se beslissing het bly staan, ja.

MNR DE VILLIERS: So, en hulle het nou gedink hulle het vir Cameron in die sak, of wat gaan aan? So- en dan die ander ding is- die volgende punt wat Lorinda maak, Jan het na hulle gesprek gistermiddag vir Jeremy in konsepbrief aan hom- Jan het dit self geformuleer. Dit is nie van ons regspan nie.

KOMMISSARIS: Ja, want u sien as mens nou verder gaan met Mnr Heunis se weergawe, dan sê hy, hy het toe vir Jeremy Muller gekontak onmiddellik en dit is eintlik toe wat hy geleer het of verneem het dat u-hulle belangstel om Cameron voor te stel.

MNR DE VILLIERS: Maar hoekom sou ek hom gebel het? En die kwessie van herhaalde gesprekke– een telefoon oproep en daarna die epos waarna u verwys.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: En 'n epos terug van Cameron af.

KOMMISSARIS: Ja. As ons nou net afstap hiervan en ons kyk na daardie eerste gesprek– met ander woorde, toe u vir hom gekontak het– was daar toe in u gemoed enigiets wat vir u gesê het, "Luister, ek moet dit dalk nie doen nie, want dit is een van die regters wat in Gelyke Kanse sit?" Was dit hoegenaamd... [tussenbeide].

MNR DE VILLIERS: Glad nie.

KOMMISSARIS: Gaan dit oordat hy 'n rol gespeel het?

MNR DE VILLIERS: Daar was in al die gesprekke wat ons met verskillende mense gehad het oor Cameron, het dit nooit ter sprake gekom nie.

KOMMISSARIS: Nooit.

MNR DE VILLIERS: En [onduidelik]. Kyk, [onduidelik] nooit geweet dat hy die uitspraak sou doen nie.

KOMMISSARIS: Want byvoorbeeld iemand soos Mnr– Dr Schreiber liewer– beskryf– hy sê sy probleem is, dit is vir hom die eerste en dit is die kernpunt is dat u daardie oproep gemaak het. Hy kan hom nie indink– was sy getuienis– dat 'n persoon in u posisie– wel-wetende van die Gelyke Kanse saak ensovoorts– dit inderdaad sou gedoen

het nie. Dit dui– volgens sy getuienis– daarop dat daar iets– kom ons noem dit– onderhands was. Wat sou u kommentaar op dit wees?

MNR DE VILLIERS: Ek weet nie. Daar is werklik geen *male fides* gewees in dit nie. Ek het gemeld dat die tydsberekening is verkeerd.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: Cameron tree die 20ste uit. Ek het nie geweet dat hy betrokke is by hierdie saak nie.

KOMMISSARIS: Ja, ek kan selfs aflei van die– nie aflei nie– dit is so gedokumenteer, die WhatsApp groepie waarvan u deel gemaak is.

MNR DE VILLIERS: Korrek, ja.

KOMMISSARIS: Daar sien ek toe dat, onder andere, Chris Otto en Magiel lê Roux byvoorbeeld– en ek dink Dr Herbst nog ook– was nie seker of hy alreeds afgetree het. Hulle het die gevolgtrekking onder mekaar gemaak dat hy inderdaad al afgetree het. Derhalwe is hy klaar met sy laaste saak. So, dit lyk my die indruk– en dit is op ꞌn laterige stadium– was toe nog gewees, wel, Regter Cameron is eintlik nou beskikbaar.

MNR DE VILLIERS: Korrek.

KOMMISSARIS: Want hy is nou afgetree.

MNR DE VILLIERS: Korrek.

KOMMISSARIS: Ja. Goed, ek het u nou bietjie

onderbreek weer daar. Ons is nou nog by Mnr Heunis se gesprek gewees en as ons net daar miskien– ja– kan aansluit by– daarna volg Mnr Heunis se brief.

MNR DE VILLIERS: Se brief wat toe na Regter Cameron toe gaan.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: Dit is deur die griffier, dink ek, daar na Regter Cameron gestuur.

KOMMISSARIS: Ja, dit is reg, ja. Ja.

MNR DE VILLIERS: Regter Cameron– o, hy laat weet toe vir my hy het die brief. Ja, hierdie is die 27ste. En dan is dit die 29ste. O, 30 Augustus:

> "Beste Wim, in die lig van die positiewe verwikkelinge is ek nou wel beskikbaar vir nominasie en bedank ek jou en ander vir die vertroue wat julle in my plaas en vir die geleentheid wat sou kon kom."

So– en ek antwoord toe aan hom dat:

> "Juan Meiring is besig met die *nuts and bolts*."

En toe is daar 'n versoek van hom om te ontmoet– van Regter Cameron.

KOMMISSARIS: Ja, ek het gesien.

MNR DE VILLIERS: En ek kon dit nie doen op die datum wat hy gesê het nie, maar toe wel gereël dat ek na 'n

Universiteit van Suid Afrika vergadering, 17 September, saam met hom kon ontmoet. Gesê:

> "Welke dit kan wees vir middagete of kan dan ontmoet vir middagete."

Maar dit het nie so– dit was nie middagete nie. Dit was net 'n kort koffie drink en my vrou was die hele tyd by die ontmoeting. Dit was 'n sosiale ontmoeting waar dit gegaan het eintlik, en ek dink die [onduidelik] was 'n student van my pa. Edwin was 'n student van my pa.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: En Edwin was vriende met my twee susters. Hulle het eintlik klas gegee saam met die jonger suster wat oorlede is aan borskanker.

KOMMISSARIS: Dan kan ek vir u so vra? Wat sou u verwag het as Regter Cameron op daardie tydstip nou nogsteeds nie tevrede was dat die beletsel uit die pad uit is nie– as ek dit nou so kan stel? Wat dink– wat sou u gedink het wat sou sy optrede dan wees? Sou hy in sy antwoord aan u...?

MNR DE VILLIERS: Ja, ek dink...

KOMMISSARIS: Ek wil nou nie vir u woorde in die mond lê nie, maar hy is tog die regter wat met die saak sit.

MNR DE VILLIERS: Ja– ja, ek... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: As hy gedink het... [tussenbeide].

MNR DE VILLIERS: Ek sou dink as die... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Dan is dit nie 'n groen lig nie.

MNR DE VILLIERS: Ja, maar kyk, ek het nie na hom toe geskryf nie, dat dit 'n groen lig is nie.

KOMMISSARIS: Nee, nee, dit is reg, ja.

MNR DE VILLIERS: Ek het vir Juan Meiring gesê dit is 'n groen lig.

KOMMISSARIS: Reg.

MNR DE VILLIERS: Toe het– toe– ek het nie– toe het Edwin na my toe geskryf en gesê hy is beskikbaar.

KOMMISSARIS: Dit is reg, ja.

MNR DE VILLIERS: So, as hy vir Juan Meiring sou gesê het [onduidelik].

KOMMISSARIS: Ja, kom ons stel dit so?

MNR DE VILLIERS: Ja, "dit is nie goed genoeg nie."

KOMMISSARIS: Dit lyk of dit oranje is en nie heeltemal groen nie.

MNR DE VILLIERS: Ja. Ja. Dan gaan– dan het ons na plan B toe gegaan. Dan het ons met 'n ander kandidaat ook gewerk.

KOMMISSARIS: Wat ek eintlik wou vasstel sonder om woorde in jou mond te lê is dat, die persoon aan die ander kant is die regter wat in die saak sit, wat aanvanklik gesê het, "Luister, nee, ek kan nie. Ek is gekonfronteer deur die omstandighede." As hy nou dan 'n boodskap kry van Adv Heunis af en hy reageer daarop op hierdie manier, het

u gedink daar is nog 'n beletsel in sy pad wat hy nog– wat hy as 'n beletsel beskou?

MNR DE VILLIERS: Nee, absoluut nie. Hy is 'n Konstitusionele Hof regter wat so 'n brief kry en dit so interpreteer en ook dit volledig verklaar in sy interaksies met die Konstitusionele Hof. Die regters– en dit is ook so bevestig deur– ek weet nie of u die brief gekry het van die– van die hoofregter [onduidelik].

KOMMISSARIS: Ja. Ja, die hoof regter sê hy is tevrede. Hy gee nou nie redes nie, maar ons het die skrywe van Regter Cameron wat hy inderdaad alle belanghebbende partye uitgenooi het.

MNR DE VILLIERS: Korrek. Wat wil inligting hê daaromtrent en dan ook hierdie [onduidelik]. O, hierdie ene wat die– wat die verfrommelde brief is nie?

KOMMISSARIS: Ja, dit is vir my nogal snaaks hoe dit geland het maar dit gebeur seker maar.

MNR DE VILLIERS: Ja.

> "The procedure to be followed whenever a judge finds himself/herself in a potential conflict of interest situation, were complied with in this matter."

Signed by [indistinct] unless this is fake news.

KOMMISSARIS: Oraait, want as mens nou terugkeer na Dr Schreiber weer, dan sê hy hierdie was eintlik alles water

op die meul nou. So, dit is nou daardie eerste kontak wat u gehad het en nou het u waaragtig weer kontak met die regter. Dit vererger dit soveel te meer. Ek aanvaar u sal vir my sê, maar ek dink dit is– dit is maar die verloop van hoe die ding geloop het en dit is hoe u dit gesien het, ja.

MNR DE VILLIERS: Ek het die eposse aan hom geskryf. "Ek is jammer dat jy dit nie doen nie." *It is done*. Ek is gevra deur mense hoekom wil hy dit nie doen nie? Ek het gesê dit is klaar. Hy sê kom ons kyk daarna, want hy kom terug na my die 21ste en sê, "Wel, hy vereis 'n voorvereiste is dat Gelyke Kanse daartoe toestem." Ons kry dit. Dit word verkry deur 'n brief van Jan Heunis, wat ons glo gee die groen lig. "Gaan aan daarmee." Geen verdere kontak.

KOMMISSARIS: Wat Dr Schreiber– die oorheersende vraag wat hy dan vra wat die latere gebeure betref is, "Hoe is daardie konflik opgelos?" Hy vra dit as 'n vraag en as 'n stelling. Hy sê, "Hoe kan dit opgelos wees?" Nou die antwoord het u nou reeds gegee. Dit lê in wat– van die redes [onduidelik].

MNR DE VILLIERS: Absoluut korrek.

KOMMISSARIS: En dit– volgens u siening– wel, volgens wat u beleef het, word dan nie afgekeur as goedkeuring teen die regter betrokke nie. So, die proses gaan voort.

MNR DE VILLIERS: En daar is– op die ou einde was daar

vyf kandidate gewees. Daar was 'n oorweldigende meerderheid voor Regter Cameron. Daar was 36 stemme. 33 voor Regter Cameron en 2 voor Mnr van der Rheede en een vir [onduidelik].

KOMMISSARIS: Ja. Ek kan dalk vir Japie van Zyl 'n doktorsgraad gee.

MNR DE VILLIERS: Hy het 'n doktorsgraad.

KOMMISSARIS: Hy het?

MNR DE VILLIERS: Hy het mos 'n doktorsgraad gedoen.

KOMMISSARIS: Het hy dit nou gekry?

MNR DE VILLIERS: So twee jaar gelede.

KOMMISSARIS: O goed. Goed. Goed. Daar was selfs 'n pad vir [onduidelik].

MNR DE VILLIERS: Ja, ja, nee, *hê is a Namibian of note. Does wonderful work at Caltech and the Mars Rover. He was instrumental in [indistinct].*

COMMISSIONER: He is amazing. *I listen to him some Sunday evenings there on a program [indistinct]. Not that I understand anything, but...* In elk geval, ja. Goed. Om dan terug te keer– ek weet nie of dit nodig is om dit nou nog verder te vat nie. Is daar iets verder wat u sou wou byvoeg, wat u dink...?

MNR DE VILLIERS: Ek wil net die tydslyn– ja, hierdie tydslyn dit deurgegaan en gepraat oor hierdie *innocuous* vergadering wat [onduidelik] die Intercontinental Hotel,

maar ek dink die enigste punte wat daaruit gekom het, hy wou– hy wou 'n bietjie meer inligting gehad het. Soos ek sê, my vrou was die hele tyd by. So, dit was 'n sosiale gesprek.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: Hy wou inligting gehad het oor die kies prosedure maar toe het hy uiteindelik al alles gewees en tweedens en meer van belang vir hom was, wat is die vereistes van so 'n posisie. Wat sou dit– maar dit is [onduidelik]. Dit is seremonieel en hy is betrokke by grade plegtighede soveel as wat 'n mens kan, maar ek dink dat– en dan is dit eintlik maar verdere [onduidelik]. Doen wat jy– doen wat jy gewoonlik gaan doen daar.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR DE VILLIERS: Ek dink hy was waarskynlik bietjie geskok gewees om te hoor dat daar nege grade plegtighede in Maart en Desember is.

KOMMISSARIS: Wel, ek kan my nie iets erger voorstel nie.

MNR DE VILLIERS: So, dit is die tydslyn en dan begin hierdie goed. So, nou verloor hulle die saak. Hulle is suur druiwe en hulle probeer die integriteit van almal in twyfel kry.

KOMMISSARIS: U het gesê u wil– u sal op die einde iets wil byvoeg?

MNR DE VILLIERS: Ja– en dit– en dit dan suur druiwe– 'n georkestreerde [onduidelik] bitsigheid, uit die vel uit is, is uiters onplesierig in my en my familie. Die konvokasie vergadering môreaand gaan 'n sirkus wees met Jan in die voorsitter stoel, wat ek ook nie kan verstaan hoe kan hierdie president van die konvokasie– dit is die enigste rede hoekom daar 'n konvokasie is onder die nuwe statuut is– daar is eintlik so baie stukke papier en ek raak so opgewonde want ek is nie gelukkig oor hierdie storie nie. Is in die statuut 'n stuk onder die konvokasie wat sê– die doel van die konvokasie is "in die beste belang van die Universiteit– van die instelling." So, hoe is dit in enige mate in die belang van die instelling? Dat die president van die konvokasie 'n hofsaak maak teen die Universiteit.

So, dit is dit maar dit is nie waaroor u moet besluit nie, maar wat ek tog vir u wel moet sê is iets wat ek bekommerd is oor– en dit mag u miskien help in die skryf van die verslag want ons sien dit nou al kom vir baie jare. Hierdie ondergrawing– wanvoorstelling, verleentheid, misleidende– aan die kant van Gelyke Kanse en mense wat hulle ondersteun en die media– Afrikaanse media. Van hierdie narratief– en ek het gepraat oor hierdie fundamentele ideologiese verskil. En dit is dat hierdie is– wat ons eintlik te doen het mee is dat, ek sou dink dat hierdie ondersoek en die uitslag daarvan gaan ook tot op 'n

sekere manier gesien word, en hierdie is 'n geloofsaak. Dit is 'n saak van die Evangelie. En soos Jan Heunis dit vir my– hy sal dit ontken, maar soos hy dit vir my gesê het die aand by die [onduidelik] in Augustus 2016, toe die honderd jaar daarvan– en hy sê toe vir my, "Ja, maar julle is– dit is om die bruin Afrikaners– bruin Afrikaanse mense [onduidelik]." Toe sê ek vir hom, "Jan, dit is 'n heterogene groep. Hulle kan vir hulleself praat. Moenie jy namens hulle praat nie." Toe sê hy vir my, "Jy dink hierdie saak is klaar." Dit is toe na ons 2016 beleid aanvaar is. Hy sê, "Jy dink–" en ek *quote* verbatim, "Jy dink hierdie saak is klaar. Hierdie is 'n geveg tot die einde. Daar sal bloed vloei." Dit maak my bekommerd.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja, want die indruk wat ek gekry het ook van beide kante af is dat daar is– daar is blykbaar so 'n verbittering van verhoudings, dat dit– dit is nogal steurend om dit– om dit waar te neem, moet ek sê. Selfs Mnr Heunis, byvoorbeeld, wys weer vingers na die ander kant toe. U weet mos nou hoe dit gaan.

<u>MNR DE VILLIERS</u>: So– en dit in die konteks van 'n Universiteit wat die afgelope vier/vyf jaar gedy het. Dit gaan [onduidelik].

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR DE VILLIERS</u>: So, dit is so teleurstellend.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ek dink miskien moet ek sê, gelukkig is

my– die breedte van my opdrag nie sodanig dat ek dink ek in daardie rigting moet beweeg nie. Dit is wel 'n faktor wat 'n mens kan dalk 'n bietjie bekommernis oor uitspreek. So– maar dit is jammer dat dit so uitdraai. Maar in elk geval, ek sal my beperk by wat ek moet doen. Nog iets verder, Prof? *Mr Carriem, is there something from your side?* Ja, dan moet ons vir u baie dankie sê vir u tyd.

MNR DE VILLIERS: Dankie vir u.

KOMMISSARIS: Ja, nee.

MNR DE VILLIERS: Die tyd wat u spandeer.

KOMMISSARIS: Dit is gaaf dat u ook vroeër gekom het, soos ek gesê het.

UNKNOWN MALE: [Indistinct].

COMMISSIONER: Yes.

UNKNOWN MALE: [Indistinct].

COMMISSIONER: I think if you– if you just assist the professor there, then you can just point out which you require. You are quite right. Those which we do not have.

MR DE VILLIERS: So, this is the email straight after the one I have [indistinct].

**END OF INTERVIEW**